


# Die Besembos

*Pastoor Denys Pedro*

Liewe Gemeente,

Ons praat nog altyd saam oor " Bome". Dit bring my by n besonderse tipe "bos" wat uitstaan in die bediening van Elia. Ja die Besembos.

Die besembos verskyn hoofsaaklik in die Skrif as 'n simbool van verlatenheid en wanhoop, hoewel dit ook konotasies van lewensonderhoud in uiterste nood dra. Toe Elia vir Isebel se dreigemente gevlug het, het hy die woestyn gevaar en onder 'n besembos ineengestort, waar hy sy begeerte uitgespreek het om te sterf *(1 Konings 19:1–8)*.

Die boom funksioneer hier as 'n toevlugsoord vir iemand in 'n diep geestelike en emosionele krisis – 'n plek van isolasie waar die profeet sy eie desperaatheid en verlies aan hoop gekonfronteer het.

Hierdie assosiasie met ontbering strek tot ander Bybelse kontekste. In Job verskyn die besembos as 'n hulpbron vir die desperate, wat sy wortels as voedsel gebruik (Job 30:4), wat 'n plant suggereer wat gekoppel is aan oorlewing in moeilike omstandighede. Die boom beliggaam dus beide die somberheid van die woestyn en die absolute minimum wat nodig is om lewe te onderhou wanneer alles anders misluk.

Die besembos dra ook assosiasies met krygers-wat n vernietigende aard het. Die Psalmis roep "gloeiende kole van die besembos" aan as 'n beeld van oordeel *(Psalm 120:4)*, wat die hout se vermoë om intens te brand, suggereer – 'n metafoor vir goddelike toorn of die gevolge van konflik.

Deur hierdie gedeeltes verteenwoordig die besembos 'n besonderse transisie : nie heeltemal dor of werklik koesterend nie, dit dui oomblikke van oorgang, beproewing en goddelike ingryping aan.

Veral in Elia se weergawe word die boom die omgewing waar God deur engelebediening Elia van voedsel voorsien, wat 'n plek van wanhoop in een van herstel omskep *(1 Konings 19:1–8)*. Die besembos simboliseer dus nie net lyding nie, maar die drumpel waar menslike swakheid goddelike voorsiening ontmoet.

Seënwense.



## In Hierdie Uitgawe:

01 Die Besembos
02 Het U Geweet?
03 Vroue Bediening
04 Die Puntestelsel
05 Hot Topics: Vraag 1
06 Hot Topics: Vraag 2
07 Gebedsfokus
07 Welsyn
08 Aktiwiteite en Verjaarsdae
09 Kopkrappers
10 July Kopkrapper Antwoorde
12 Kontak en Bankbesonderhede




Liewe Gemeente,

> *In Matteus 6:22-23 sê Jesus, "Die lamp van die liggaam is die oog. As jou oog goed is, sal jou hele liggaam lig hê. Maar as jou oog sleg is, sal jou hele liggaam sonder lig wees. As die lig in jou donker is, hoe donker moet dit dan nie wees nie!" (AFR83)*

Het u al ooit gewonder wat Jesus by hierdie stelling bedoel het? Baie glo dat Jesus deur hierdie stelling probeer sê dat ons uitkyk op die lewe reg moet wees.

Wanneer ons hierdie interpretasie van Jesus se woorde in ag neem, sal ons sien dat dit nie sin maak in die konteks van die res van Jesus se onderwerp nie, want voor hierdie stelling sê Jesus dat ons vir onsself skatte in die hemel bymekaar moet maak waar dit nie van ons gesteel of vernietig kan word nie en na die stelling sê Jesus dat ons nie God en geld kan aanbid nie.

Daarom kan ons vra, wat het Jesus eintlik hier probeer sê?

Die terme "goeie oog" en "slegte oog" het nie in Joodse tradisie na 'n mens se uitkyk op die lewe verwys nie.

Die termes "goeie oog" (aiyin tovah) en "slegte oog" (aiyin ra'ah) het verwys na 'n persoon se geestelike toestand en vrygewigheid.

As iemand 'n goeie oog gehad het, was hulle vrygewig en as hulle 'n slegte oog gehad het was hulle suinig *(vergelyk Spreuke 22:9 en 23:5-6 in die King James Vertaling)*.

Wanneer ons weet dat dit is wat hierdie termse beteken, kan ons in hierdie gedeelte sien ons hoe Jesus die termes "goeie oog", "slegte oog", "lig" en "donker" gebruik om na 'n persoon se ware geestelike toestand te verwys.

Mense wat kies om suinig te leef en slegs hulself in elke situasie te bevoordeel, sit met 'n "slegte oog" wat hul hele liggaam (die res van hul lewe) sonder lig laat.

Aan die ander kant, is mense wat kies om heelhartig vir God te leef eerder as vir hul eie voordeel, deur vrygewig te wees soos wat die Here hulle lei, se oog.

Jesus eindig die gedeelte deur in vers 24 te sê, "

> *Niemand kan vir twee base tegelyk werk nie. Hy sal óf die een minder ag en die ander een hoër, óf vir die een meer oorhê en die ander een afskeep. Julle kan nie God én Mammon dien nie" (AFR83).*

Jesus was besig om mense te leer dat hulle net een persoon, God of item op die troon van hul lewens kan hê en dit sal die toestand van hul lewens bepaal.

*Pastoor Nichole Van Der Merwe*

*Hulpbronne: The Complex Jewish Study Bible deur David H. Stern (2016) en GotQuestions: https://www.gotquestions.org/if-your-eye-is-good.html*




Liewe Vrou, 🌿💚

Soos die tyd nader stap na ons Vrouedag, kom hierdie gedagte al hoe sterker in my hart op:

*Hoe honger is ek?*
*Hoe diep is my smagting na Jesus?*

Ons leef in 'n wêreld wat ons aandag voortdurend opeis, maar net een Persoon kan ons werklik vul. Net Jesus kan die leemtes in ons harte vul en ons herinner aan wie ons werklik is. Ons leef in 'n wêreld wat ons aandag voortdurend opeis, maar net een Persoon kan ons werklik vul. Net Jesus kan die leemtes in ons harte vul en ons herinner aan wie ons werklik is.

Hierdie Vrouedag gaan nie net oor 'n byeenkoms nie. Dit gaan oor 'n ontmoeting met GOD. Dit gaan daaroor om te ontdek dat jy nie toevallig geskape is nie, maar met n doel, waarde en krag.

Jy is 'n vrou wat deur GOD gevorm is, geroep is en toegerus is om 'n verskil te maak. Kom ontdek opnuut die identiteit wat GOD oor jou spreek. Kom ervaar SY liefde, SY teenwoordigheid en die krag wat HY in jou geplaas het.

**Jy is soveel meer as wat jy dink!**

Ons sien daarna uit om hierdie besonderse dag saam met jou te beleef. Bring 'n oop hart, 'n honger gees en 'n verwagting dat GOD iets nuuts in jou lewe gaan doen.

**"Salig is dié wat honger en dors na die geregtigheid, want hulle sal versadig word." – Matteus 5:6"**

Ons kan nie wag om jou daar te sien nie! 💚

*Liefde,*

*Lucinda Pedro*






Ek wonder soms hoeveel Christene met dieselfde probleem worstel. Dit is nie iets wat ons maklik hardop erken nie, maar iewers langs die pad skiet die idee wortel dat ons God se genade moet verdien.

Ek weet dit gebeur met my.

Wanneer ek iets verkeerd gedoen het, wanneer ek misluk het of teen my eie oortuigings opgetree het, voel dit dikwels asof ek eers weer "goed genoeg" moet lewe voordat ek die Here se aangesig kan soek.

Dit is asof daar iewers in my gedagtes 'n denkbeeldige puntestelsel bestaan. Elke fout trek punte af en elke goeie daad tel punte by. Dan begin ek werk om my telling weer op te bou voordat ek waardig genoeg voel om na God toe te gaan. As ons egter eerlik is, weet ons dat dit glad nie die evangelie is nie.

***Romeine 3:10 sê:***
***"Daar is niemand regverdig nie, selfs nie een nie."***

Die werklikheid is dat geen mens ooit waardig was of ooit waardig sal wees om God se genade te ontvang nie. Daarom het Jesus gekom. Hy het gedoen wat ons nooit kon doen nie. Hy het betaal wat ons nooit kon betaal nie.

> Paulus skryf in Efésiërs 2:8-9: "Want uit genade is julle gered, deur die geloof, en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God; nie uit die werke nie, sodat niemand mag roem nie."

As ek God se guns kon verdien, sou dit nie genade gewees het nie. Juis omdat ek dit nie verdien nie, is dit genade. Tog is daar nog 'n aspek hiervan wat ek dink ons dikwels miskyk. Jesus leer ons dat ons moet vergewe sodat ons vergewe kan word. Wanneer ons dit hoor, ondersoek ons dadelik ons harte.

Ons vra onsself: Dra ek 'n wrok teen iemand? Is daar iemand wat ek moet vergewe?

**Dit is goeie vrae om te vra.**
**Maar hoe gereeld vra ons: Het ek myself vergewe?**

Vir baie van ons raak die puntestelsel 'n bose kringloop. Ons sukkel om onsself te vergewe vir ons mislukkings. Daarom probeer ons harder werk om God se vergifnis te verdien.

Totdat ons voel ons telling is weer hoog genoeg, bly ons op 'n afstand. Ons bid minder. Ons lees minder. Ons vermy God se teenwoordigheid omdat ons skuldig voel. Maar dit is juis die teenoorgestelde van wat die Here van ons verlang.

Hoe verder ons van Sy aangesig af wegbeweeg, hoe swakker word ons verhouding met Hom. Die tragiese werklikheid is dat dit gewoonlik die oomblikke is wanneer ons God die nodigste het. Dink aan die verlore seun. Toe die seun terugkeer, het die vader nie eers gewag dat hy homself bewys nie. Hy het nie 'n proeftydperk ingestel nie. Hy het nie 'n lys vereistes gegee nie. Hy het hom tegemoet gehardloop, hom omhels en hom herstel.

Dit is hoe God se hart lyk. God se genade haal my van die skaal af en vee die puntelys skoon. Dit herinner my dat my waarde nie in my prestasie lê nie, maar in Christus. Daarom hoef ek nie weg te hardloop wanneer ek faal nie. Ek mag juis na Hom toe hardloop. Jesus self nooi ons uit:

> "Kom na My toe, almal wat vermoeid en belas is, en Ek sal julle rus gee." Matteüs 11:28

Miskien is dit tyd dat ons ophou om ons verhouding met God volgens 'n puntestelsel te meet en tyd dat ons onsself vergewe vir die dinge wat God reeds vergewe het. Soek Sy aangesig want Hy is die antwoord en die oplossing. Hy is die Redder en Verlosser en dit is nie ons dade wat ons waardig maak nie maar Sy genade.

*Witske Meyer*




# Vraag 1

*Ons lees in die bybel dat God leuens haat en van sy kinders verwag om die waarheid te praat. Tog sien ons dat Dawid in 1 Samuel 20:5-6 vir Jonathan vra om vir Saul te sê hy is in Betlehem, terwyl hy eintlik weggekruip het. Ook in 1 Samuel 21:1-2 vertel Dawid vir die priester Ahimeleg dat hy op 'n geheime opdrag van Saul is, terwyl hy eintlik van Saul af vlug.*

*As ons die Here werklik vertrou, behoort ons nie altyd die waarheid te praat en die gevolge aan God oor te laat nie, selfs al stel dit ons in gevaar? Is daar uitsonderlike omstandighede waarin misleiding of die weerhouding van die waarheid aanvaarbaar kan wees vir die Here?*

# Antwoord

Die eenvoudige antwoord is , God het die waarheid lief en verwag daarom dat ons altyd eerlik en opreg moet wees . Die konteks van bogenoemde skrifte is egter beangrik.

In hierdie geval het Koning Dawid n daad verrig wat gedui het op die beskerming van niet sy lewe nie maar ook vir sy nageslag wat sou kom. Ons onthou wat God gese het in Jeremiah 33:17 AFR53

*'Want so sê die Here: Daar sal vir Dawid nie 'n man ontbreek wat sit op die troon van die huis van Israel nie; '*

Net so is 1 Samuel 18:4 krities in hierdie verband deurdat Jonathan sy mantel aan Dawid oorhandig het , ja selfs sy swaard, in n aanduiding dat Koning Dawid die regmatige opvolger is van sy vader Saul.

Koning David het in beide gevalle gevlug van vervolging en nie om selfsugtige en erdieglike redes nie. Ons moet daarom in gedagte hou dat hy reeds die gesalfde koning van Israel was soos in 1 Samuel 16 aangedui. Ons lees ook in Mattheus 10:23

*“ dat wanneer julle vervolg word in die een stad moet julle vlug na die ander toe.”*

Koning Dawid het wel in die veld gevlug alhoewel nie n stad nie Net so het hy aan die priester Ahimeleg vertel dat hy op n geheime sending was , nie om die priester te bedrieg nie maar om die belofte in Jeremiah 33:17 te volbring.

In teologiese terme verwys hulle na “ the better good”. Wat dui op die volgende : “ Om te lewe is beter as om dood te maak”.

*DAAROM:*
*Die hele gesprek tussen Dawid en Jonathan demonstreer hoe onseker Dawid se situasie geword het en hoe afhanklik hy van Jonathan se lojaliteit was om Saul se groeiende vyandigheid te oorleef.*




# Vraag 2

*In 1 Korintiërs 11 skryf Paulus dat 'n vrou haar hoof moet bedek wanneer sy bid of profeteer (1 Korintiërs 11:5-6) Maar later sê hy ook: "As iemand egter daaroor wil stry, ons het nie so 'n gewoonte nie, en die gemeentes van God ook nie" (1 Korintiërs 11:16). As hierdie opdrag in die Nuwe Testament staan, behoort Christenvroue vandag steeds hulle hare of hoofde in die kerk te bedek?*

## Antwoord

Of 1 Korintiërs 11:5 van toepassing is op vroue wat vandag bid, hang grootliks af van hoe jy die kulturele konteks verstaan wat Paulus aangespreek het.

Die gedeelte toon duidelik dat vroue saam met mans aan gesamentlike aanbidding deelneem deur gebed en profesie, en Paulus bespreek hierdiee deelname. Paulus het egter verwag dat mans en vroue binne die Korintiese sosiale konteks verskillend aan hierdie aktiwiteite sou deelneem, met seksuele onderskeidings wat steeds waarneembaar is, hoewel dit 'n onderskeidende kenmerk uitmaak wat kultureel verskillend was.

Die kernkwessie behels die begrip van wat Paulus eintlik aangespreek het. Geleerdes voer aan dat die probleem behels het dat vroue hul hoofbedekkings tydens gebedsbyeenkomste verwyder het - 'n praktyk wat spesifieke sosiale betekenis in die eerste-eeuse Mediterreense kultuur gehad het. Vroue met onbedekte hoofde het in die antieke tyd sosiale kritiek ervaar, en hoofbedekkings was 'n wydverspreide praktyk regoor die antieke wêreld.

Paulus was bekommerd oor die skaamte wat vroue oor hul mans en vaders gebring het deur hul koppe onbedekt te laat. Die kritieke interpretatiewe vraag is of die beginsel (die handhawing van gepaste geslagsonderskeidings in aanbidding) vandag van toepassing is, of dat die spesifieke praktyk (hoofbedekkings) wel van toepassing is.

Dit is ongegrond om af te lei dat hierdie interpretasie vereis dat hoofbedekkings gepas bly in moderne Engelse sosiale kontekste.Wat geslagsonderskeiding aandui, verander oor kulture en tydperke. In die eerste-eeuse Korinte het onbedekte hare 'n spesifieke sosiale boodskap oorgedra; in hedendaagse Westerse omgewings doen dit gewoonlik nie. 1 Korinthiers 11:16 .

Wanneer Paulus skryf "ons het nie so 'n gewoonte nie" (of "ons het geen so 'n praktyk nie"), verwys hy na die hoofbedekkingspraktyk wat die Korintiërs blykbaar afgedwing het (1 Kor 11:2–16). Die frase verskyn aan die einde van sy uitgebreide bespreking oor hierdie kwessie en funksioneer as 'n beslissende beroep op die breër kerkpraktyk.

Paulus se kommer spruit nie uit sy eie agenda nie, maar uit 'n gebruik in die Korintiese kerk wat hy wil teenstaan, wat duidelik word uit vers 16 waar hy 'n beroep doen op die praktyk van al die ander kerke[1]. Die res van die kerke het nie so 'n vreemde gebruik nie, geen so 'n eis aan gelowiges in die erediens nie, wat die plaaslike Korintiese gebruik[1] in twyfel trek.




*Hemelse Vader,*
*Ons bid vandag saam dat U met ons sal wees gedurende hierdie besonderse maand. Mag ons in hierdie maand U positiewe winds veranderinge in ons lewens en onsgemeente ervaar.*
*In Jesus se Naam, bid ons. Amen*






***Ons welsyn bediening was weereeens lekker besig gedurende Julie 2026 !***

*Die Here het ons as n gemeente weereens in staat gestel om deel te kon wees in n uireik na Huis Dorandia en Victory Kids.*

*As gevolg van die bydrae van verskeie borge en donasies kon ons vele kos pakkies , toilet sakkies met die noodsaaklike toebehore daarin. Net so het ons al die skryfbehoeftes ontvang wat nodig was .*
*Ons dank die Here dat Hy u harte oopgemaak het vir hierdie bediening.*




## Augustus: 'n Maand van Groei, Gemeenskap en Viering

Met die aanbreek van Augustus stap ons as gemeente verder in 'n seisoen van groei, diens en geloof. Elke nuwe maand bring vars geleenthede om nader aan die Here te leef, mekaar te ondersteun en saam deel te neem aan die lewe van ons gemeente.

Ons nooi elke gemeentelid uit om weer betrokke te raak by die verskillende bedieninge en geleenthede wat hierdie maand plaasvind. Of jy nou die Bybelskool bywoon, saam nagmaal gebruik of ons Vrouedaggeleentheid ondersteun, daar is 'n plek vir jou om te groei en saam te reis.

2 Augustus – Nagmaal Sondag

6 Augustus – Bybelskool

8 Augustus – Vrouefunksie

10 Augustus – Openbare Vakansiedag

20 Augustus – Bybelskool

## Augustus Verjaarsdae

Aan elkeen wat hierdie maand verjaar: mag die Here jou nuwe lewensjaar ryklik seën. Ons bid dat Sy liefde, vrede en guns jou elke dag sal vergesel, en dat jou lewe steeds 'n lig sal wees wat Sy goedheid weerspieël.

"Die Here sal jou seën en jou beskerm; die Here sal tot jou redding verskyn en jou genadig wees."
Numeri 6:24-25

Rommel Van Der Riet 3 Augustus 2026

Raymond Meyer 11 Augustus 2026

Nadia Kruger 15 Augustus 2026

Rebecca Els 17 Augustus 2026

Rina Smith 22 Augustus 2026

Johann Minnaar 25 Augustus 2026

Joshua Kitley 27 Augustus 2026




***Kan jy die Bybelse boom uit elke Skrifverwysing identifiseer? Gebruik die leidrade om die woordsoektog te voltooi. Onthou, jy hoef nie die woord "boom" by te voeg nie. Soek bloot die naam van die boom, soos vye, olyf of seder***

| | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Z | F | P | O | P | U | L | I | E | R | I | E | R | D | A | S | A | N |
| G | G | E | E | L | H | R | W | I | L | D | E | V | Y | E | G | M | M |
| R | K | S | W | A | F | A | K | A | S | I | A | O | A | I | D | A | R |
| A | L | I | S | O | F | G | R | T | Y | N | P | M | A | K | R | N | E |
| N | P | P | A | L | M | W | I | L | G | T | P | S | D | E | S | D | E |
| A | I | R | B | Y | B | E | R | T | N | S | E | D | E | R | I | E | I |
| A | F | E | O | F | U | L | A | I | W | I | L | G | E | R | O | L | O |
| T | I | S | A | U | P | L | A | T | A | A | N | E | V | Y | V | Y | E |

## Leidrade

1. Duif se takkie na Noag. (Gen. 8:11)
2. Saggeus se boom. (Luk. 19:4)
3. Tempelhout van Salomo. (1 Kon. 6:15)
4. Die regverdige groei soos hierdie. (Ps. 92:13)
5. Vrugte van die Beloofde Land. (Num. 13:23)
6. Boom van Hooglied. (Hoogl. 2:3)
7. Hout van die verbondsark. (Eks. 25:10)
8. Jesus vervloek hierdie boom. (Matt. 21:19)
9. Äaron se staf het hiervan gedra. (Num. 17:8)
10. Jakob se takke by die drinkplek. (Gen. 30:37)
11. Simbool van krag en standvastigheid. (Jos. 24:26)
12. Gebruik in die tempelbou. (1 Kon. 6:15)
13. Jakob het ook hierdie takke gebruik. (Gen. 30:37)
14. Harpe in ballingskap. (Ps. 137:2)




# Julie Kopkrapper Antwoorde:
# Bybel Blokkiesraaisel - Die Evangelie van Johannes

| | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | W | | | | | | F | | | | | |
| | N | A | T | A | N | A | E | L | | I | | | | | |
| | | | | A | | | | | | L | I | E | F | D | E |
| L | A | S | A | R | U | S | | B | | I | | | | O | |
| | N | | | H | | | | E | | P | | | | P | |
| | D | | | E | | | | T | | P | | | | E | |
| | R | | N | I | K | O | D | E | M | U | S | | | R | |
| | E | | | D | | | | S | | S | | J | | | |
| | A | | | | | | | D | | | | E | | | |
| | S | | K | A | J | A | F | A | S | | | S | | | K |
| | | | | | O | | | | | | | U | | | O |
| | | | | | N | | | | | | | S | E | U | N |
| | | P | I | L | A | T | U | S | | | W | | | | I |
| | | | | A | | H | | | | | Y | | | | N |
| | K | | | M | | O | P | S | T | A | N | D | I | N | G |
| | A | | | P | | M | | A | | | | | S | | |
| | N | | | | | A | | B | | | M | A | R | I | A |
| M | A | L | C | H | U | S | | B | | | | | A | | |
| | | I | | | | | | A | | | | | E | | |
| | | G | E | E | S | | | T | E | M | P | E | L | | |



# Augustus 2026

| SUNDAY | MONDAY | TUESDAY | WEDNESDAY | THURSDAY | FRIDAY | SATURDAY |
|---|---|---|---|---|---|---|
| | | | | | | 1 |
| 2<br>Naggmaal Sondag<br>Bemark Eksamen<br>Uitseik | 3 | 4<br>18:00<br>Gebedsaand | 5<br>09:00<br>Geestelike verykings - groepe | 6<br>18:00<br>Bybelskool | 7 | 8<br>09:00<br>Vrouedag |
| 9<br>Nationale Vrouedag | 10<br>Nationale Vrouedag Vakansiedag | 11<br>18:00<br>Gebedsaand | 12<br>09:00<br>Geestelike verykings - groepe | 13 | 14<br>18:30<br>Jeugbediening | 15 |
| 16 | 17 | 18<br>18:00<br>Gebedsaand | 19<br>09:00<br>Geestelike verykings - groepe | 20<br>18:00<br>Bybelskool | 21 | 22 |
| 23 | 24 | 25<br>18:00<br>Gebedsaand | 26<br>09:00<br>Geestelike-verykings - groepe | 27 | 28<br>18:30<br>Jeugbediening | 29 |
| 30 | 31 | | | | | |

## Kontakbesonderhede

Kontak nommer: +27 64 908 5265

Address: 113 Warren Road,
Lyttelton Manor Ext 1

Email: agsheiligewaters@gmail.com

## Bankbesonderhede

AGS Lyttelton – Heilige Waters
ABSA Bank
Tjek Rek: 1660 140 170
Tak Kode: 632005

